Bid vir Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond in Turkmenistan wat erge druk ervaar om terug te keer na Islam.

#19 TURKMENISTAN Bid vir Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond in Turkmenistan wat erge druk ervaar om terug te keer na Islam. Hierdie gelowiges ervaar die ergste vervolging in Turkmenistan. Bid vir God se beskerming oor hulle en uithouvermoë om sterk in die geloof te staan.

#20 LAOS Die regering in Laos is streng teen enige invloed wat as volksvreemd of Westers geag word. Daarom plaas hulle enorme druk op die klein Christenminderheid. Bid asseblief vir 'n toename in openhartigheid en aanvaarding teenoor Christenskap.

#21 JORDANIË Bid vir Christene in Jordanië wat deur die polisie ondervra word, en mishandel of ontvoer word deur familielede oor hulle Christelike geloof. Bid dat die Here hulle sal beskerm en genees.

#22 TADJIKISTAN Bid vir Christene in Tadjikistan wat deur die owerhede dopgehou word, en wie deur hulle families geslaan en forseer word om hul geloof te herroep. Bid dat hulle sterk sal staan in die aangesig van vervolging vanaf alle kante.

#23 MALEISIË Nuwe bekeerlinge in Maleisië word gereeld uit hul huise geskop, deur hul families en gemeenskappe geïsoleer, en na Islamitiese heropvoedingskampe gestuur. Bid dat God aan hulle krag en waagmoed sal gee om getrou te bly.

#24 MIANMAR In Mianmar ervaar Christenbekeerlinge van Islam en Boeddhisme swaar druk van hul families, vriende en bure om hul geloof te herroep. Bid dat hulle die waagmoed sal hê om sterk te staan in die geloof, te midde van ontmoedigende omstandighede.

#25 NEPAL Die aanneming van teenbekeringswette in Nepal het die vervolging van Christene aanvaarbaar gemaak, veral wanneer hul die Evangelie versprei. Bid vir beskerming en wysheid vir Christene wat uitreik na hul vriende en familie met die Evangelie.

#26 BROENEI Bid vir ondergrondse gelowiges in Broenei wat die swaar las van vervolging dra – die land is so klein dat daar nêrens vir hulle is om heen te vlug wanneer hul geloof in Christus ontbloot word nie. Bid dat die Here hul skild en beloning sal wees.

#27 KATAR Bid vir Christenbekeerlinge in Katar wat voel dat vanweë die gevare, hulle nie hul geloof met hul Moslemfamilielede kan deel nie. Bid dat hulle wysheid, onderskeidingsvermoë en waagmoed sal hê wanneer hulle hul geloof deel.

#28 KAZAKSTAN Bid vir diegene in Kazakstan wat geslaan en gevange geneem word oordat hulle Islam verlaat en na Christus draai. Bid dat hulle vrede en rus in Jesus sal ervaar, namate hulle hul geloof in hierdie moeilike omstandighede uitleef.

#29 ETHIOPIË In Ethiopië is vervolging algemeen in die familie- en gemeenskapskonteks. In baie gevalle word Christene hulpbronne van die gemeenskap geweier en ervaar hulle diskriminasie wanneer hul vir werk soek. Bid dat die Here sal voorsien vir die vervolgde Kerk in Ethiopië.

#30 TUNISIË Bid vir Christene in Tunisië wat vervolg word. Baie van hulle verloor hoop en vind dit moeilik om steeds 'n Christelike lewe te lei in 'n baie streng Moslemsamelewing. Bid dat hulle sal weet dat God altyd by hulle is.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341 | **F** +27 11 888 9362
E southafrica@od.org | **I** www.opendoors.org.za

@opendoorssa | Open Doors South Africa | open_doors_sa

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

GEBEDSKRYGERS FLITS

WÊRELDWAARNEMINGSLYS

Gebedskalender vir die Top 30 lande op die Wêreldwaarnemingslys

"Julle het ook nou pyn, maar wanneer Ek julle weer sien, dan sal julle bly wees. Dan sal niemand julle weer ongelukkig kan maak nie." –Johannes 16:22 (Die Bybel vir Almal)

APRIL 2018

GEBEDSKALENDER VIR DIE TOP 30 LANDE OP DIE WÊRELDWAARNEMINGSLYS

#1 NOORD-KOREA Noord-Korea is weereens bo aan die Wêreldwaarnemingslys hierdie jaar. Bid dat die land se leiers God sal leer ken, vir die beskerming van die Noord-Koreaanse Kerk, en dat genesing en herstel sal plaasvind in die land.

#2 AFGANISTAN Afganistan ervaar steeds geweld en onstabiliteit, veral nou met die verkiesings in 2018 en 2019 in die vooruitsig. Die klein Christengemeenskap is uiters kwesbaar te midde van al hierdie dinge – bid vir krag en volharding vir hulle.

#3 SOMALIË Christene in Somalië kan nie vrylik samekomste bywoon nie, en indien hulle uitgevang word dat hulle die Bybel lees, kan dit hulle hul lewe kos. Selfs om oor Christus op die Internet te lees is gevaarlik. Bid vir God se beskerming, namate hulle na maniere soek om in die geheim gedissipel te word.

#4 SOEDAN Sjaria-wetgewing is die fondasie van Soedan se regsisteem. Christene word gereeld deur die regering gearresteer, geteister en verban. Bid asseblief dat die Soedanese regering meer verdraagsaam teenoor Christenskap sal wees.

#5 PAKISTAN Pakistan is 'n Islamitiese Republiek, en die mees onlangse proses van Islamisering gaan sover terug as die 1980's. Die land ly onder die oormaat van radikale Islamitiese groepe. Bid asseblief vir die Pakistanse regering om wette te laat slaag wat minderhede, insluitende Christene, in die land sal beskerm.

#6 ERITREA In Eritrea ervaar Christene druk van die regering omdat hulle as agente van die Weste gesien word en dus as 'n bedreiging vir die staat en owerhede. Ten spyte hiervan, bid die plaaslike Kerk nie teëspoed oor hul leiers nie, maar eerder dat hul leiers se harte sal verander – bid asseblief saam met hulle.

#7 LIBIË Bid vir die groeiende kerk van Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond in Libië, veral die wat geïsoleerd is van ander gelowiges. Bid dat hulle God se teenwoordigheid sal ervaar en dat die wat geïsoleerd is, 'n manier sal vind om veilig saam met ander Christene te aanbid.

#8 IRAK Dank God dat sommige van die baie Interne Ontwortelde Persone na hul dorpies op die Nineve Vlaktes kon terugkeer sedert die self-geproklameerde Islamitiese Staat verdryf is. Bid dat hulle sal weet dat God by hulle is, terwyl hulle poog om hul lewens oor te begin.

#9 JEMEN Die oorlog in Jemen help ekstremiste van Al-Qaeda en Islamitiese Staat om vrylik deur die land te beweeg. Hulle is uiters aggressief teenoor Christene. Bid asseblief dat God die harte van hierdie ekstremiste sal aanraak, sodat hulle die Evangelie sal aanneem.

#10 IRAN In Iran moet alle wette ooreenstem met die amptelike interpretasie van sjaria-wetgewing. Enige Moslem wat Islam versaak kan die doodstraf in die gesig staar. Bid vir Irannese Christene dat, wanneer hul geloof in Jesus uitgedaag word, hulle die wysheid en geregtigheid van Daniël en sy vriende sal ontvang.

#11 INDIË Die teenwoordigheid en gedrag van alle tipes Hindoe-organisasies in Indië word al hoe meer gevoel. Hierdie organisasies beweer dat om Indies te wees, is om Hindoe te wees. Bid vir krag vir Christenbekeerlinge van Hindoeïsme wat onder erge druk geplaas word om terug te keer na Hindoeïsme.

#12 SAOEDI-ARABIË Saoedi-Arabië word deur Wahabisme gedefinieer – die suiwerste en strengste interpretasie van Islam. Dit is verbode om enige ander godsdienste openlik te beoefen, wat maak dat bekering die doodstraf opgelê kan word. Bid asseblief dat, ten spyte hiervan, Moslem-Saoedi's Jesus sal leer ken.

#13 MALEDIVE Bid vir die dissipelskap van geheime gelowiges in die Maledive. Dit is steeds baie uitdagend vanweë sekuriteit- en eenheidskwessies. Bid dat God antwoorde en oplossings sal voorsien oor hoe om hierdie struikelblokke te

MALEDIVE vervolg

oorkom, sodat geheime gelowiges geestelik gevoed kan word om in die geloof te groei.

#14 NIGERIË Noordelike Nigerië is oorwegend Moslem en sal heel waarskynlik aanhou om 'n gevaarlike plek vir Christene te wees. Bid vir die beskerming van baie Christene wat intern ontwortel is in daardie streek, veral vir vroue wat in gevaar is om ontvoer en gedwing te word om met Moslemmans te trou.

Bid vir beskerming vir intern onwortelde Christene in die noorde van Nigerië, wat oorwegend Moslem is.

#15 SIRIË In Sirië is daar steeds 'n groot nood vir ondersteuning om in basiese behoeftes te voorsien, te midde van die voortdurende oorlog. Bid asseblief dat ons broers en susters sal aanhou om bemoedig te word deur die hulp wat hulle ontvang. Bid ook vir geestelike bemoediging en krag.

#16 OESBEKISTAN Oesbekistan het een van die strengste diktatorskappe in Sentraal-Asië – die regering sal enige iets doen om aan bewind te bly. Alle vorme van teenstand en afwykings van die norm word aangeval, wat Christene kwesbaar maak vir vervolging. Bid vir verandering en vir die aanvaarding van Christenskap in Oesbekistan.

#17 EGIPTE Christene in Egipte voel ontmoedig en angstig vanweë die tallose aanvalle op hulle sedert 2016. Bid dat God aan hulle 'n hernude sin van hoop sal gee en dat Hy selfs die leiers van Islamitiese groepe na Christus sal bring.

#18 VIËTNAM Namate die Christenminderheid in Viëtnam groei, werk die regering hard om die kerke te monitor en hulle groei aan bande te lê. Bid vir 'n verligting van beperkings en meer vryheid in die land.